VOLKSTEM

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 10

PLAASMOORDE

Kommunisties-gedrewe Volksmoord

Op Maandag 30 Oktober het duisende mense spontaan in massas byeengekom en swart aangetrek in opstand en meegevoel met die boere wat in ons land vermoor word. Die optog is gereel na die moord op Joubert Conradie, 'n boer van Klapmuts. Die regering en liberale media wil dit hê dat die moorde slegs misdaad is en nie 'n politiese motivering het nie. Die teendeel is egter waar wanneer daar na al die feite gekyk word.

Die politiekgedrewe volksmoord op die blanke in Suid Afrika, maar grootliks gerig is op die boere volgens die werkswyse van die Kommuniste soos bv. in China, moes na die optog van 30 Oktober 2017, vinnig deur die kommunistiese regime uit die politieke arena gehaal word!

"I hope beyond this march we will be calling its leaders to meet. We are saying to them let us not politicise this matter." (Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries Senzeni Zokwana)

Sedert 1994, tenspyte van herhaalde vertoë, is dit diie eerste aanduiding dat die regime aandui dat hulle met die optog se leiers wil praat. Dit sal interessant wees om te sien met wie hulle in gesprek wil gaan. As daar in aanmerking geneem word dat daar telkens wanneer die Afrikaner gesamentlike weerstand begin demonstreer, daar 'n opvangsorganisasie na vore kom wat die weerstand moet bestuur om ten alle koste te verhoed dat die hele volk begin saamwerk aan verset en sodoende die beplande volledige onderwerping van ons volk tot 'n einde bring, dit reeds 'n plan B is.

In hierdie uitgawe.....
Nasionalisme - Tsunami Van Ons Tyd
As Jou Oog Verkeerd Is
Moord En Seksuele Vergrype
Moskee - Satan Se Tempel

As die organisasie hulle daarvan weerhou om na ons as 'n volk te verwys, nie praat van ons vryheid nie, wyer om in die openbaar te sê dat hierdie land óns land is en derhalwe wil saamwerk met die illegitieme regime om die huidige bestel

te maak werk, moet u weet dat dit 'n verlengstuk is van die F.W. de Klerk/Broederbond, Toekomsgesprek, Volksbond, hensopper, Joineralliansie, wat met ons volk oppad is! 'n "Weerstand" wat al die elemente van sukses besit maar in die sand in bestuur moet word om die vryheid van ons volk te verhoed!

Enige versoekskrifte aan hierdie regime is 'n bevestiging van hulle aanspraak dat hulle 'n reg op Suid Afrika het omdat ons dit van hulle sou gesteel het! Ons is aan hulle níks verskuldig nie!

Enige gesprek met hierdie regime wat met genoegdoening reeds 23 jaar lank sit en kyk hoedat ons volk een vir een vermoor, verkrag, vermink en verarm word, sal bloot gerig wees op die suksesvolle benadering van die koop van tyd om ons verset te verlam totdat hulle met ons klaar is!

Die AVP doen 'n beroep op ons volksgenote om nie weer op hierdie wyse die begin van ons groeiende saamhorigheid te laat verongeluk nie! Die aanslag sal verhoog na hierdie sukses wat volgehou moet word deur daarop bedag en paraat te wees. Indien u aangeval word, wees gereed om met geweld indien nodig, u lewe en eiendom te beskerm.

Enige versoekskrifte aan hierdie regime is 'n bevestiging van hulle aanspraak dat hulle 'n reg op Suid Afrika het omdat ons dit van hulle sou gesteel het! Ons is aan hulle níks verskuldig nie! Hulle is inteendeel vir alles wat hulle bekom het, werk, inkomste, woonplek, geleerdheid, gesondheid ens., aan die Afrikanervolk verskuldig! Ons het niks van hulle nodig nie. Hierdie land is ons land! Tree só op sodat die hele wêreld kan kennis neem van die ongeregtigheid waaraan baie van hulle deel gehad het en nou self aan verdringing blootgestel word.

Die gety is besig om te draai sodat al die grootpratery van die Malema's in afsienbare tyd aangespreek sal kan word, sodat hy sy plek sal ken!

NASIONALISME 'N TSUNAMI VAN ONS TYD

deur Danie Varkevisser

Gelykheid is nie geregtigheid nie!

Daar is al baie geskryf en bespiegel oor die woord Nasionalisme. Of daar egter 'n goeie begrip van die betekenis van die woord onder die gewone mens is, val te betwyfel. Vir die Afrikaner as 'n jong en dinamiese volk, was die woord nasionalisme nog altyd 'n integrale deel van ons politieke samestelling as teenvoeter vir volksvreemde invloed.

In die helder lig wat besig is om die internasionale politiek te beskyn, is daar 'n tsunami op die horison sigbaar wat vir die liberale denkers 'n verpletterende ervaring voorspel wat geen skuilplek sal bied agter die gefabriseerde skuilings van "ismes" wat oor baie jare ontwerp is om nasionalisme terug te druk en op die agtergrond te verskans asof dit nie bestaan nie.

Wat is Nasionalisme?

Nasionaal is eie aan, behorende tot, kenmerkend van 'n nasie, nie uitheems nie, inheems, raseg, vaderlandsgesind. Nasionaalgesind is 'n gesindheid ten gunste van die eie land en volk. Nasionaalbewus is dus om volksbewus te wees.



Meeste van die ander "ismes" kan as ideologieë gedefinieer word, maar nie Nasionalisme nie, omdat dit 'n ongeskrewe lewenswet is. Per definisie, 'n voorliefde vir die eie nasie, 'n strewe om alles wat as nasionaal beskou word, nl.(eie aan, behorende tot, kenmerkend van 'n nasie, nie uitheems nie maar inheems, raseg en vaderlandsgesind) bevorder, gepaard met 'n sekere afkeer van die vreemde.

In teenstelling met ideologieë wat spruit uit die wetenskap van idees, denkbeelde van een of ander stelsel of teorieë, wat 'n bepaalde lewensbeskouing of denkwyse is soos die liberalisme, Kommunisme, Humanisme, Sosialisme, is Nasionalisme 'n werklikheid van God se skeppingsorde waar die verskeidenheid en geskeidenheid nie teorie is nie maar 'n werklikheid wat natuurlik is.

Ons riglyn uit die geskiedenis

Dìt is die spoor wat getrap is deur van ons groot politieke leiers vanuit ons geskiedenis. In daardie spoor het Dr Hertzog, mnre Jaap en Willie Marais volhard. Ander partye en organisasies het ontstaan omdat nasionalisme vir hulle veronderstelde lewenswyses onaanvaarbaar was en nog ander sg. volksleiers, grysgebiede laat ontstaan het deur die selektiewe gebruik van die begrippe hierbo sodat 'n mens vind dat Afrikaners bv. die DA steun en tog in gesprek met jou, die sentimente van 'n nasionalis openbaar.

Die sondige aard van die mens wat sodomie, vermaak, losbandigheid, ens. probeer vergoeilik het deur die liberalisme, humanisme, sosialisme, ens. en begrippe soos gelykheid, vryheid en broederskap uit die Woord van God wil regverdig, is vinnig besig om hom in te haal.

Die AVP se standpunt

Dat enige verantwoordbare aksie wat 'n bydrae maak tot die verkryging van die Afrikaner se vryheidstryd verwelkom moet word, is onbetwisbaar en is dit sekerlik nie net beperk tot die AVP nie. Ek kan my ook nie herinner dat die AVP ooit so 'n aanspraak gemaak het nie. Waar die AVP egter ingebind wil word tot samewerking, is dit noodsaaklik dat hy hom sal distansieer van enige optrede wat die beginselgrondslag van Nasionalisme in gevaar stel, omdat die handhawing van die beginsel van Nasionalisme, die onderskeiding is van ware en valse Afrikanerleiers.

Vyande van die Afrikaner

Dat daar vyande van die Afrikaner is kan nie betwis word nie. Dat daar nog altyd verraaiers, hensoppers en joiners was en nog is, sal weer bewys word. Die AVP het nie nodig om vyande te soek nie. Die hele wêreld was nog altyd teen die Afrikaner en sy beleid van afsonderlike ontwikkeling met genoeg bondgenote vanuit ons eie Afrikaner geledere. Die vraag wat elke Afrikaner homself behoort te vra, is waarom word 'n waardestelsel van reg en geregtigheid versondig terwyl die oordonderende bewys van voorspoed en vooruitgang die tasbare en sigbare resultaat daarvan was? In teenstelling daarmee die onwaardige stelsel met sy bewys van totale verval en rassewrywing wat aan ons opgedwing word, waarom dít ondersteun of probeer regverdig?

Die opkoms van Nasionalisme en die ywer vir onafhanklikheid om oor hulleself te kan regeer volgens hulle eie aard en behoefte, in hulle eie taal en grondgebied, word in Spanje vandag deur die Kataloniërs bewys as die jongste verwikkeling in Europa.

Gevaar vir ons en voordeel vir die vyand

Die gevaar vir ons en die voordeel vir ons vyande is egter juis die praksasies van strategieë en metodes met die kastige "behoud" van beginsel wat ons volk telkens dieper in die moeras van integrasie ingesuig het. Mense wat ander partye en organisasies se "oplossings" vir die verkryging van ons vryheid, binne ons volkslewe kom propageer en verdedig en die weerstand daarteen as verdagmakery afkam, maak géén positiewe bydrae op die pad na ons vryheid nie en bedreig bloot die eensgesindheid in ons volk.

Die Internasionale politieke arena

Kyk na die internasionale arena en sien hoe nasionalisme soos 'n tsunamiese golf besig is om deur volke en nasies te spoel en die klem terug te plaas waar dit in die Skepping bedoel is om te wees. Die argumente dat die koms, die kruisiging en opstanding van ons Verlosser Jesus Christus die skeppingsorde van God kom verander het, gaan nie op nie! Die bedoeling was van meet af aan nie dat die handhawing van die eie, haat en nyd en veragting tussen die verskeidenheId sou bewerkstellig nie, maar wel om te verhoed dat saamvoeging in getalle die mens se waan van 'n wêreldorde waarin die mens God se plek wil inneem, aan bande te lê soos by die toring van Babel.

Die opkoms van Nasionalisme en die ywer vir onafhanklikheid om oor hulleself te kan regeer volgens hulle eie aard en behoefte, in hulle eie taal en grondgebied, word in Spanje vandag deur die Kataloniërs bewys as die jongste verwikkeling in Europa. Saamgelees met Angela Merkel van Duitsland, Brexit in Brittanje, Somalië, die Oekraïne en feitlik oral oor, is die skrif aan die muur vir die aanhangers van al die ander "ismes" waaronder hulle al hulle onheiligheid bedryf ten koste van die vrede wat kwansuis hulle oogmerk is!

Bly by dit wat julle geleer het omdat julle weet van wie julle dit geleer het! Kyk na die Bybelse profesieë en oorweeg dan die wêreld waarin ons leef en u verantwoordelikheid daarin, want dit is

waar die kinders van ons Hemelse Vader se heil te vinde is!

AS JOU OOG DAN VERKEERD IS

deur Hannes Ollewagen



Bybel: Lukas 11:33-36

"Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, is jou hele liggaam ook verlig; maar as dit verkeerd is, is jou liggaam ook donker." (:34).

Hoe kyk u na die lewe? Of anders gestel – wat is u lewens- en wêreldbeskouing? Die regte antwoord is natuurlik dat u 'n Christelike lewensbeskouing het, maar hoe sou ons hierdie antwoord meet? Dit is mos maklik om te sê dat ek 'n Christelike lewensbeskouing het. Die toets is egter om te bepaal of my lewenswandel diensooreenkomstig of die teendeel getuig.

Die dwaling van humanisme in ons leeftyd het dit egter vir baie mense al baie moeilik gemaak om hul eie foute en tekortkominge raak te sien en te erken. Daar is feitlik net een wet wat geld in hierdie skeefgetrekte dwaling en dit is dat jou eie wil en begeerte ten alle koste moet seëvier. Dit staan lynreg teenoor die gebod van God Drie-Enig wat bepaal dat ons as mense Hom bo alles moet liefhê en daarna is ons ook liefde teenoor onsself en ons naaste in gelyke maat verskuldig.

Daar is talle mense wat meen dat hulle 'n Christelike lewensbeskouing koester, maar hul optrede getuig egter van die teendeel. Is dit reg vir 'n persoon wat God bo alles liefhet om Sy gebod te oortree en die Sabbat te ontheilig ter wille van die oortydbetaling wat jy sal verdien wanneer jy op die Sabbatdag werk? Dit is nou nie dat ek geld liewer het as vir God nie, maar . . .

U is dalk nie daaraan skuldig om op die Sabbatdag te werk nie, maar wel dat u na kerk by die winkel aandoen vir die week se inkopies en dit nadat u 'n uur tevore na die wet van die Here gesit en luister het wat beveel dat die Sabbatdag geheilig word. U sit dalk hier tevrede en lees omdat u aan niks van voorgenoemde skuldig is nie, maar juis omdat u só uitgeput was na die vorige dag se gekuier en allerhande sportaktiwiteite en vermaak dat die Sabbatdag 'n goeie dag is om darem van die moegheid veroorsaak deur die uitputtende vermaak ontslae te raak. Ek kon die hele week uitsien na 'n rugbywedstryd, maar nie om op te gaan na die huis van die Here nie?

Ek vra vir u of dit reg is dat 'n persoon met 'n Christelike lewensbeskouing die insetting van die huwelik tussen man en vrou skend? Wanneer dinge te swaar raak is dit mos aanvaarbaar dat mense skei ten spyte van die duidelike verbod

hiervan deur Jesus Christus self. "En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat

God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." (Matt. 19:4-6).

Ons praat dan ook nie alleen van egskeiding nie, maar ook van gemeenskap buite die huwelik. Dit is mos te maklik om saam te bly en ons gaan tog in elk geval eendag trou, so wat maak dit saak? Ek veronderstel dat 'n moordenaar homself dan ook kan verontskuldig deur te redeneer dat sy slagoffer in elk geval eendag sal doodgaan, so waarom doen hy verkeerd om daardie lewe onregmatig te beëindig? Ek is darem nog van die ordentlike jongmanne of jongmeisies en bly darem nie saam nie. Maar hoe suiwer en kuis is u daardie kuiertjies wat u wel aflê by u kêrel of meisie terwyl u maar nog net oor-en-weer kuier?

Ek wonder hoe reg dit is dat mense met 'n Christelike lewensbeskouing hulself vrywillig blootstel aan die besmetting van allerhande skandelike televisieprogramme, films, internetvideo' en ander vorme van vermaak? Jesus Christus leer vir Sy dissipels in Matt. 15 dat dit juis die dinge binne die mens is wat hom onrein maak en hierdie onsuiwerhede word in vers 19by die naam genoem. "Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal." En die gemiddelde film uit Hollywood is mos vry van slegte gedagtes, moord en boonop die toonbeeld van kuisheid met geen onsedelikheid wat daarin uitgebeeld word nie?!! Die karakters is boonop nie mense wat sal steel en dan die held van die verhaal sal wees nie want daarvoor is hulle mos heeltemal te eerlik en rein van lippe. Soveel so dat jy nooit 'n lasterlike woord in 'n film sal teëkom nie. Dit is seker toevallig dat ELKE LIEWE onreinheid wat in Matt. 15:19 pertinent genoem word in oormaat in hierdie vermaaklikheidswêreld is?

Dit is in hierdie dae vir ons as gelowiges só nodig om onsself gedurig tot die Lig te wend sodat ons ons lewens in die helderheid daarvan kan ondersoek. Dit sal verseker dat ons nie in die duisternis van hierdie wêreld verdwaal nie. "Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is." (Joh. 3:20&21).

MOORD EN SEKSUELE VERGRYPE NEEM STEEDS TOE

IN DIE NUWE SUID AFRIKA!

As dit deur die departement van statistiek gesê word, dan kan jy dit maar glo al verteenwoordig die getalle en persentasies nie noodwendig die werklikheid nie. 'n Totaal van 50 883 mense het seksuele misdrywe gerapporteer waarvan 31817 vroue was. Nietemin is die syfer van 'n 117% toename in seksuele misdrywe, behalwe dat dit in die gewaande moderne era waarin ons lewe skokkend is, ook verteenwoordigend van die totale ontoereikendheid van die swart ras se vermoë om volgens beskaafde norme 'n land te regeer! Die opname plaas die moord syfer vir die jaar 2016/2017 op 16201, 'n 8% toename vergeleke met die vorige jaar.

'n Totaal van 50 883 mense het seksuele misdrywe gerapporteer waarvan 31 817 vroue was.

Hoe dit nou ookal beredeneer word en watter oorsake voorgehou word vir hierdie onbeheersde barbaarse optrede, doen dit niks af aan die feit dat dit 'n voortgaande tendens in Afrika is wat oor eeue strek.

Dat ons in die eens beskaafde Suid Afrika, nou in 2017 blootgestel is aan die praktyk van mensvretery, verkragtings wat daagliks toeneem, moorde waarmee selfs konvensionele oorlogvoering se sterftes nie kan kompeteer nie, is feite.

Ongekende dwelmgebruik, agteruitgang van die onderwys en universiteitsopleiding, om nie eers te praat van krag en waterkrisisse, agteruitgang van gesondheids- en feitlik elke ander dienstesektor, is ons dagelikse teistering. Onbegaanbare paaienetwerk met slegs die hoofare wat uitsluitlik gebruik word om nog geld uit die bankrotbelaste verbruiker te suig, deur tolgelde wat korrupsie en onregmatige bevoordeling moet befonds!

By dit alles stroom Malawiërs, Somaliërs, Zimbabwiërs, Nigeriërs, Etiopiërs, Mosambiekers, Angolese, Kongolese en Suid Afrikaanse swartes na blankes en blanke besighede vir 'n heenkome. Afrika se beste nie-blanke regerings is nie instaat om vir sy mense te sorg nie. Om van die Afrikanervolk te kom vat, is hulle oplossing, helaas vir die korttermyn veral as statistiek SA verder sê dat 50% van Suid Afrikaners onder die broodlyn leef!!

MEELOPER, SAAMPRATER, OORGEËR, HENSOPPER, JOINER, VERRAAIER OF NASIONALIS?

deur Danie Varkevisser

DIE LAMP OP DIE STAANDER

Watter beskrywing pas by die Afrikaner wat onafhanklik Afrikaans wil wees? Deur ons volk se geskiedenis was elkeen van die bogenoemde benaderings deur verskillende mense beproef en nodeloos om te sê, blootgestel aan die gevolge wat uit elk van dié oortuigings gespruit het.

Wat interessant is van elk van hierdie uitgangspunte, is dat sommige van die ondersteuners daarvan die mening toegedaan is dat sy of haar optrede die beste oplossing is in belang van die voortbestaan van die Afrikanervolk. Sommige ander glo weer dat dit noodsaaklik is as 'n interrim maatreël, terwyl nog ander dit as 'n omstandigheidstrategie wil aanwend. Die slegste is diégene wat patriotisme as 'n euwel beskou en volkskap negeer omdat almal volgens hulle gelyk is en dus eweveel aanspraak op alles het.

Sedert die ontstaan van die Afrikanervolk was nasionalisme nog altyd die onderskeidingsfaktor.

Dit het sonder uitsondering nog altyd die Afrikaners wat daaraan geglo het, teenoor al die ander uitgangspunte staangemaak wat onderlinge stryd en konflik tot gevolg gehad het. Kennis en begrip van die oorspronge van elke uitganspunt, saamgelees met die resultaat van elke uitgangspunt se toepassing in ons volk se verlede, is werklik die enigste wyse waarop nugterheid in die soeke na die regte uitgangspunt verkry kan word.

Daar is tog in wese slegs een van twee benaderings wat hier geld. Daar is 'n regte weg en daar is 'n verkeerde weg. Ons word noual vir meer as vyftig jaar, sedert die moord op dr. Verwoerd met skuld belaai oor alles wat sleg is! Feitlik elke aantyging het sy oorsprong by ongegronde leuens, verdraaiings, propaganda en fabrikasies, wat as oorsprong materialisme, magsug, wraak en afguns het. Op sy beurt spruit meeste van die voorgenoemde benaderings by mense wat bereid was en is om beginsels in te boet in ruil vir die klem wat geskepte omstandigheid plaas op die "noodsaak" vir verandering, toegee, ingee en oorgee.

Dit was onder die uiterste vorm van bedrieglikheid, uitlokking en vernedering deur die Engelse en hulle regering dat President Paul Kruger vir sy nageslag `n voorbeeld van optrede gevestig het, tot en met sy dood in Nederland waar hy as banneling gesterf het.

As riglyn het hy *LUKAS 11:33 geneem en dit sy eie gemaak. "EN niemand steek 'n lamp op en sit dit in 'n verborge plek of onder die maatemmer nie, maar op die staander, sodat die wat binnekom, die lig kan sien."* "Ek, Paul Kruger, sal die lamp neem en op die staander plaas! In die lig van die lamp sal die wêreld die geleentheid hê om die gebeure wat gelei het tot ons knegskap, haarfyn te betrag! God helpe my! God helpe ons in hierdie benoudheid!" Daarmee het Paul Kruger nie bedoel om hande gevou te sit en te verwag dat God alles moes doen nie. Nee! Sy bedoeling was om só op te tree, hetsy in gesprek, ditsy in geveg, dat God se lig steeds sal skyn uit jou optrede.

"As die idealisme vervang moet word deur die materialisme, ja indien die mens homself tot daardie peil verlaag, noem hom dan 'n ding, laer as 'n dier……'n vernietiger van lewensskoonhede, die etiese en die godheid self! Ek sal Engeland beveg met al die krag wat ek kan uitoefen. Ons is so 'n klein groepie en Engeland is magtig, dog ons gaan ons eer red en handhaaf!"

Die vraag wat elke Afrikaner vir hom en haarself moet beantwoord is of die benadering wat hy of sy gekies het in ons huidige benouing, God se lig laat skyn! Is die lamp op die staander of is die lamp onder die maatemmer waar planne in die donker gesmee word om te verkul, te bedek en te mislei?. *II KORINTHIËRS 6:14 Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?*

"Want die Bybel sê vir ons hoe om te stry, hetsy dit teen magte van die duisternis of teen aardse magte is. Kyk net watter verdeeldheid hier in die Transvaalse Republiek onder ons mense heers, en waarom? Hulle het van die Bybel afgedwaal .....Ons vyande sal van ons verdeeldheid gebruik maak en die nodige voordele trek. Ek vrees die dag wat wanneer dit sal gebeur!" (Aldus Paul Kruger)



En nou is dit presies waar ons Afrikanervolk geland het! Is ons bereid om uit die geskiedenis lering aan te neem voordat dit heeltemal te laat is? Bly by dit wat julle geleer het omdat julle weet van wie julle dit geleer het! Kom Afrikaner, kom laat ons weer die lamp op die staander kry!

Zuma boor Suid-Afrika in `n mynveld van skuld.

deur Arcas van Rooyen

Jacob Zuma is die regstreekse oorsaak van die voortslepende politieke ontstuimigheid wat gelei het tot die heidige droewige prentjie van Suid Africa se ekonomie en geldsake. Deur sy leiding is hy persoonlik aandadig aan die verswakking van die land se staatskuld, dat die ekonomie nie groei nie,

weklоosheid toeneem en nog derduisende hardwerkende mense se werk in gevaar is. Selfs nadat Cosato lede Zuma uitgejou het, tydens die Werkersdagvieringe, het dit weereens duidelik geword dat sy eertydse bondgenote teen hom gedraai het. Hul boodskap was duidelik; Zuma het homself en sy trawante nou genoeg verryk deur op die stemrug van die arm massas te ry.

Die afstel van die Werkersdagvieringe nadat Cosato lede Zuma uitgejou het is selfverduidelikend.

Terselftertyd is daar die vrese dat die kredietgraderingsagentskappe die Land se Staatskuld in November 2017 nog verder gaan afgradeer,neem toe na Malusie Gigaba ,minister van finansies se meduim termyn begrotingsrede (MTBR) op 26 Oktober 2017.Ontleders en kommentators meen die gevaarligte flikker steeds vir die Land se skuldstatus.Die nasionale tesourie verwag dat die bruto nasionale skuld teen die jaar 2020 sowat 60% van die bruto binnelandse produk (BBP) sal bedra teenoor die huidige (BBP)van

54,2%. Voeg hierby die voorspelling dat `n tekort van R50,8 Miljard vanjaar inbelastingvordering verwag word -die grootste tekort ooit-saam met Staatskuld as verhouding tot die BBP bykans 60% sal bedra teen die jaar 2022.

Inderdaad `n skrikwekkende prentjiie aangesien dit uiters moeilik sal wees om SA te bemark met sy huidige swakker graderingsvlakke. Dit is `n uitgemaakte saak dat SA binnekort verder afgegradeer gaan word. Na elke afgradering tot rommelstatus van Suid Afrika se buitelandse skuld verhoog die rentekoerse op geld wat in die buiteland geleen word. Die Tesourie self verwag dat 15% van sy hoof-begrotingsinkomste teen die jaar 2020 aan rente alleen op skuld bestee sal word. Alles dui daarop dat dit aansienlik meer gaan wees. Net uiters bekwame mense en bomenslike vermoëns sal so `n groeiende skuldbom kan bestuur. Het die ANC onder leiding van Zuma en sy trawanteenigsins die vermoë om dit te vermag?

Blykbaar is daar 'n sogenaamde mandaatskrif, wat `n geheime dokument is, wat deur die ANC regime se kabinet goedgekeur is wat 'n plan aandui hoe en wat die ekonomie insluit. Die beplanning bevat die monetering, evalueering en prioritisering van bestedingsriglyne. Dit is glo 'n geklasifiseerde kabinetsdokument. Die vraag word gevra of dit nie weer Jacob Zuma se poging is om groter beheer oor die begrotingsproses te kry nie? Mense kan verseker wees dat belastings uitermatig sal verhoog in `n pogingom die boeke te laat klop in 2018. In die Februarie 2018/2019 boekjaar moet die regime R248miljard leen. In 2019/2020 boekjaar, R352miljard. Dan het Zuma ook onderneem om `n Kernkragstasie by die Russe te koop?

Zuma klou vir al wat hy werd is aan sy pos om te probeer voorkom dat sy Rampokkery hom inhaal. Want al keuse wat hy het is om vas te klou tussen die Uniegebou en die Tronk.

GIGABA SE MEDIUMTERMYN BEGROTINGSREDE

Om Jakob Zuma as dom te beskryf, soos sommige mense sy regeervermoë al bestempel het, reflekteer eintlik maar net op hulle eie totaal ontoereikende insig van beide Zuma se vermoë as van getallepolitiek.

Zuma se keuse van Gigaba as minister van Finansies was waarskynlik die kundigste aanstelling wat hy nog gemaak het. Gigaba se begrotingsrede was uit en uit 'n vertoon vir sy gehoor. In die lig van 'n komende verkiesing, met 'n verdeelde ANC, was die meesterlike vertoning

van Gigaba die beste medisyne om die ANC's weer agter Zuma geskaar te kry en daarmee saam die Zoeloes in beheer te hou.

In hierdie magspel vir politieke beheer, het Malusi Gigaba meesterlik daarin geslaag om die swartes se steun te werf. Hy is 'n spreker van formaat wat sy hele rede gevoer het sonder 'n enkele hm of ha en sonder om 'n enkele keer na notas te kyk. Sy rede was goed gestruktureerd met klem op aspekte wat daarop gerig was om beide die binnelandse finansiële sowel as die buitelandse beleggers se vrese moes besweer.

Vir die blankes in hierdie gesteelde land, is verdere verarming deur hoër belastings, verdeling van rykdom deur groter vereiste deelname in blanke besit, beslis ons voorland.

As die retoriek egter geskei word van die bestaande syfers en krities gekyk word na die beskikbare middele om groei, werkloosheid en finansiële vooruitgang te bewerk, bly die prentjie 'n donker een en is die verwagting dat daar desnieteenstaande sy prysenswaardige vertoning as spreker, afgradering onvermydelik is.

Vir die blankes in hierdie gesteelde land, is verdere verarming deur hoër belastings, verdeling van rykdom deur groter vereiste deelname in blanke besit, beslis ons voorland. Géén afwyking van dr. Verwoerd se voorspelling van blanke uitdrywing uit Suid Afrika na gelang die getalle van die swartras, blankes eenvoudig sal verdring op elke lewensterrein waar hulle presteer het.

SATAN SE TEMPEL

MOSKEES SE BINNEWERKE

Is dit wat binne die Islamitiese Moskees gepredik word, bloot die verskil tussen hulle godsdiens en ander godsdienste? Uit 'n artikel van die *Berean Call*, blyk dit nie al te wees wat daar aan Moslems geleer word nie. Is dit wat daar binne die Moskee plaasvind oral dieselfde en as dit is, is dit ook in Suid Afrika belangrik om daarvan kennis te neem?

Volgens die artikel wat ons hier onder geplaas het is daar in die VSA bevind dat 80% van al die Moskee's aldaar, 'n heilige oorlog, Moslemmeerderwaardigheid en haat en veragting jeens Jode en Christene geleer word.

Indien dit ook in Suid Afrika die geval is, is die heilige oorlog en haat vir die christen van belang. As in aanmerking geneem word die betrokkenheid van die Moslems in die stryd om Afsonderlike Ontwikkeling as beleid vervang te kry met 'n Kommunistiese diktatoriale stelsel, verg dit dringende aandag!

Want in wese was dit 'n stryd om 'n christelike regering te vervang met 'n anti-christelike een. In die "Jihad" oftewel die heilige oorlog, gebruik die Moslem almal en Muslims Killenigiemand, selfs diégene wat hy as "infidel" beskou, om sy doel te

bereik. Sy uitgangspunt dat alle "infidels" onthoof moet word, word nie daardeur geraak nie en word voltrek sodra die Jihad afgehandel is.

Die tragiek van die owerheid waarna hieronder verwys word, is soos hier by ons, die gees van ontkenning wat uiteindelik lei tot selfvernietiging!

THE BEREAN CALL October 18, 2017

A controversy has erupted over a mosque in New Hampshire that an investigator contends is preaching jihad. Instead of investigating, however, the local police chief has doubled down, claiming that the charges are just "Islamophobia." Is he really willing to bet the safety of the local citizens on that?

The New Hampshire Union Leader broke the story several weeks ago, not by reporting on the investigation of the mosque, or even what was being claimed about it, but on the reaction from the mosque leaders and local law enforcement officials, both of whom agreed that the mosque had been unfairly accused. Since the Union Leader, however, did not detail the charges, there was no way to tell whether or not this was true. Then...investigative journalist James Simpson published the evidence...and made it clear: this mosque warrants investigation, and the police chief, Nick Willard, is derelict in his duty.

Eighteen things that practicing, Koran-abiding Muslims believe:

1) Muslims should kill anyone who insults Islam or Mohammed. (Koran.33;57-61).
2) Muslims should kill all Muslims who leave Islam. (Koran.2;217/4;89/Bukhari.9;84-57).
3) The Koran cannot be doubted. (Koran.2;1).
4) Islam is the only acceptable religion. (Koran.3;85).
5) Muslims must wage jihad on non-Muslims, even if they don't want to. (Koran.2;216).
6) Non-Muslims are pigs and apes. (Koran. 2;62-65/Koran.5;59-60/Koran.7;166).
7) Muslims cannot be friends with non-Muslims. (Koran.5;51).
8) Non-Muslims are sworn enemies of Muslims and Islam. (Koran.4;101).
9) Non-Muslims can be raped and kept as sex slaves by Muslims. (Koran.4;3 & 24/5;89/23;5/33;50/58;3/70;30).
10) Non-Muslims are the vilest of creatures deserving no mercy. (Koran.98;6).
11) Muslims must terrorize non-Muslims. (Koran.8;12 &59-60/ Bukhari.4;52;220).
12) Muslims must strike terror into non-Muslim's hearts. (Koran.8;60).
13) Muslims must lie to non-Muslims to strengthen and spread Islam. (Koran.3;28?16;106).
14) Muslims should behead non-Muslims. (Koran.47;4).
15) Muslims are guaranteed to go to heaven if they kill non-Muslims. (Koran.9;111).
16) Marrying and divorcing pre-pubescent children is okay for Muslim men. (Koran.65;4).
17) Wife beating is okay for Muslim husbands. (Koran.4;34).
18) Raping wives is okay for Muslim husbands. (Koran.2;223).

Simpson reports that investigator Dave Gaubatz found a great deal of material promoting jihad in the mosque, including a brochure entitled Jihad in Islam. Simpson writes: "This 33-page document makes clear that the goals of Islam are to subjugate the world. Under the heading What Jihad Really Is? (sic) it states:

In reality Islam is a revolutionary ideology and programme which seeks to alter the social order of the whole world and rebuild it in conformity with its own tenets and ideals. 'Muslim' is the title of that International Revolutionary Party organized by Islam to carry into effect its revolutionary programme. And 'Jihād' refers to that revolutionary struggle and utmost exertion which the Islamic Party brings into play to achieve this objective...

...Islam requires the earth-not just a portion, but the whole planet-not because the sovereignty over the earth should be wrested from one nation or several nations and vested in one particular nation, but because the entire mankind should benefit from the ideology and welfare programme or what would be truer to say from 'Islam' which is the programme of well-being for all humanity. Towards this end, Islam wishes to press into service all forces which can bring about a revolution and a composite term for the use of all these forces is 'Jihad'. (p. 5)"

The Union Leader piece does quote Gaubatz saying: "On a scale of 1 -10, with 10 being the most extreme, I rate this mosque a 10." Then it goes to the chairman of the Islamic Society of New Hampshire, Mohammed Ewiess,

who "said these unsubstantiated charges are 'full of lies' and have spread distrust of his community."

Unsubstantiated? Not really. Nor does the Union Leader bother to mention, and probably didn't bother to find out, that the literature Gaubatz found in the mosque is not surprising: four separate studies since 1999 all found that 80% of U.S. mosques were teaching jihad, Islamic supremacism, and hatred and contempt for Jews and Christians. There are no countervailing studies that challenge these results. In 1998, Sheikh Muhammad Hisham Kabbani, a Sufi Muslim leader, visited 114 mosques in the United States. Then he gave testimony before a State Department Open Forum in January 1999, and asserted that 80% of American mosques taught the "extremist ideology."

Then there was the Center for Religious Freedom's 2005 study, and the Mapping Sharia Project's 2008 study. Each independently showed that upwards of 80% of mosques in America were preaching hatred of Jews and Christians and the necessity ultimately to impose Islamic rule.

(Spencer, "NH Mosque Preaches Jihad, Police Chief Cries "Islamophobia'," FrontPageMag Online, 9/13/17).

Wat verteenwoordig ’n Vlag?

deur Francois Muller

IS HIERDIE JOU VLAG? Dink Weer.....



Die Nuwe SA vlag verteenwoordig die volgende en die AVP sal nooit daarmee assosieer nie.

- Anti-Christelike Grondwet
- Anti-Christelike regime
- Afgodediens
- Afpersing
- Diefstal
- Diefstal van Staatsgeld
- Disrespek
- Grond roof
- Growwe nalatigheid
- Haat
- Hoogverraad
- Kommunisme
- Korrupsie
- Kwotas
- Leuens
- Naamsveranderings
- Omkopery
- Onbevoegdheid
- Onproduktiwiteit
- Onverantwoordbaarheid
- Plaasmoorde
- Plundery
- Regstellende aksie (Diskriminasie)
- Sosialisme
- Stakings
- Stroping van Staatsbates
- Stygende belastings
- Swak leierskap
- Swak staatsdiens
- Volksmoord
- Wanaanwending van fondse
- Wanorde
- Werkloosheid
- Wetteloosheid
- Wettiging van Moord (Aborsie)
- Wettiging van Pornografie
- Wettiging van Prostitusie
- Ens.

Danie Varkevisser 083 460 3302

Francois Muller 083 460 6120

www.afrikanervolksparty.org